# 140 God van genade




God onse Gewer, Brood van die Lewe,
gee ons die voedsel, padkos vir ons lewe,
dryf uit ons harte, wanhoop en vertwyfeling,
hoor, ons, o Here!

God ons Bevryder, red ons van die sonde,
reinig ons harte, en genees ons wonde,
gee ons ’n tuiste, in u hemelwoning,
hoor ons, o Here!

Eer aan die Vader, Skepper ewigdurend,
eer aan die Seun, altyd seëvierend,
saam met die Heil’ge Gees, Trooster deur die eeue,
hoor ons ,o Here!

Aures Ad Nostras Deitatis Preces (God of thy pity) Johann Heermann (1585-1647)